

Woensdag 21 Julie

Skrifgedeelte: Miga 7:8-20

Fokusgedeelte: Miga 7:18-19

Gemeentelike sondebeseft (2)

Wanneer ons in ootmoed op die Here wag, sal Hy weer antwoord. Die Here sal uitkoms gee, al lyk dit ooglopend nie dadelik só nie. Op 'n besondere manier leer die Here ons dit deur hierdie laaste gedeelte van Miga. Gister het ons gehoor dat Miga die gemeente se sonde as sy eie beleef het en dat hy in sondebelydenis op die Here moet wag om uitkoms te gee.

In die tweede gedeelte van Miga 7 hoor ons hoe die Here weldra uitkoms sal gee. Dit is Hy wat sonde vergewe, wat nie altyd kwaad bly nie en wat liefde en genade bewys. Hy sal sy volk se sonde tot niet maak. Juis dit is wat Christus kom doen het! Hy het die volkome straf op die sonde se volk kom dra. Hy het God se genade en liefde vir ons kom wys en só die weg na die Vaderhuis toe oopgemaak. In Christus vind Miga 7:18-19 reeds 'n vervulling!

Tog is die sonde nog met ons. Die gebrokenheid van die sonde-deurdrenkte wêreld sien en beleef ons nog rondom ons: Nie net in die nuus of in ons eie lewe nie, maar ook in die lewe van die kerk wat steeds traag is om altyd die opdragte van die Here in dankbaarheid te gehoorsaam. Hier het ons egter nog hoop, en daarom dat ons steeds op die Here wag: die dag van Christus se wederkoms is nog op pad! Juis dan word die sonde finaal tot niet gemaak wanneer Christus alles nuut maak.

In jou sondebeseft, omhels die vergifnis in Christus, maar wag op die Here in gebed tot Hy in Christus finaal die sonde tot niet maak.

Sing: Skrifberyming 18-7:11, 12

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)